# MA Kreatiewe Skryfkuns (01250006)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 1 jaar |
| **Totale krediete** | 180 |
| **Kontak** | Prof D Medalie  david.medalie@up.ac.za  +27 (0)124202716 |

## Programinligting

Sluitingsdatum vir aansoeke: Jaarliks 31 Januarie.

## Toelatingsvereistes

- 'n Honneursgraad of enige goedgekeurde vierjarige graad.

## Addisionele vereistes

Keuring van studente vind plaas. 'n Portefeulje kreatiewe werk moet aan die Hoof, Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns voorgelê word.

## Ander programspesifieke inligting

1. ’n Student moet vir minstens een akademiese jaar onder die leiding van ’n studie-leier werk.
2. ’n Student wat nie die vereistes vir die graad tydens die tweede akademiese jaar nakom nie, moet toestemming van die Direkteur/Dekaan verkry vir elke daaropvolgende jaar van registrasie.

# Kurrikulum: Finale jaar

## Kernmodules

### Kreatiewe manuskrip en dokumentasie 895 (KSK 895)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 180.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Akademiese organisasie** | Eenheid Kreatiewe Skryfkuns |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Die verhandeling moet bewys lewer van kreatiewe prestasie in een van die genres van
• poësie (insluitende liedtekste vir musiekdramas of kabaret),
• drama (insluitende musiekdrama/musiekteater, draaiboekskryf en radio-/TV-drama),
• prosa (fiksie),
• prosa (kreatiewe niefiksie: biografie of outobiografie), of
• literêre vertaling/oorvertelling.
Dit moet ‘n volledige werk of stel korter werke wees en behoort in wese die ekwivalent te wees van ten minste (in fiksie) kort roman of versameling kortverhale, of (in poësie) ‘n bundelgrootte versameling gedigte, of (in drama) vollengte drama of versameling van ten minste drie eenbedryfdramas. Die verhandeling moet dan bestaan uit ‘n substansiële stuk kreatiewe skryfwerk, vergesel van teoretiese gedeelte (verhandeling van beperkte omvang) waarin die kandidaat rekenskap gee van kontekste en invloede, en/of van die ontstaansproses en hersiening wat plaasgevind het tydens die produksie van die kreatiewe teks, en/of van teoretiese aspekte (bv tekstuele en intertekstuele strategieë) van die werk. Hierdie afdeling bedra 50% van die finale punt.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.